

10 Oktober - SKRIFGELEERDES

Skrifgedeelte: Johannes 5:31-47

Fokusgedeelte: Johannes 5:39

Die blote gebruik van die woord “Skrifgeleerde” wek al klaar ’n negatiewe respons by gelowiges. Is dit nie juis hulle wat van die grootste opponente van Jesus was nie? En Hy self veroordeel hulle meer as een keer. Matteus 23:13 – *“Julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe.”* Paulus verwerp ook sy Fariseïstiese, skrifgeleerde agtergrond (Filip 3: 8).

“Skrifgeleerde” was ’n breë term om persone aan te dui wat hulle toegelê het op die uitleg en oordrag van die wet van die Here. Hulle maak hulle verskyning veral ná die Babiloniese ballingskap, toe Nehemia die wet weer ’n regmatige plek in die lewe van die Godsvolk gegee het (Neh 8:10).

Mettertyd ontwikkel daar uiteenlopende menings en toepassings onder die Skrifgeleerdes, en dit word deel van hulle bestaan om hierdie verklaarings te verdedig en te verkondig. Die resultaat daarvan was ’n geyske en onbuigsame, wettisistiese verklaring van die Ou Testament. Dit gaan uiteindelik oor die bewaring van die spesifieke tradisie, sonder om by die kern van die Skrif uit te kom.

Jesus merk hieroor op in Johannes 5:39 – *“Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig.”* In Lukas 7:30 word gesê: *“Net die Fariseërs en die wetgeleerdes (= Skrifgeleerdes) het die bedoeling van God verwerp ...”* Die probleem was dus nie die ondersoek na die Skrif nie, maar die feit dat daar vasgekyk is in die letter van die wet, dat die gees nie raakgesien word nie (vgl. 2 Kor 3:6).

Ons kan en moet die studie van die Skrif hoë prioriteit gee in ons lewens, maar onthou dat die Gees déúr die Skrif werk – om ons aan die voete van Jesus en voor die Vader se troon te bring.

Dán is die Bybel ’n dierbare skat vir elke gelowige, iets wat ons na die Bron van die lewe toe vat!

Sing: Psalm 119:48 (1936-beryming)

Dr AJ Krüger (Benoni)